



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2015

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

BRONMATERIAALBOEKIE VIR AFDELING B EN AFDELING C
--

BRON A **'n Uittreksel uit 'n toespraak deur George C. Marshall, VSA-staatsekretaris, op 5 Junie 1947 by Harvard-universiteit**

Dit is logies dat die VSA alles moontlik moet doen om te help met die terugkeer na normale, ekonomiese gesondheid in die wêreld, waarsonder daar geen politieke stabiliteit en geen versekerde vrede kan wees nie. Ons beleid is nie gemik teen enige land of leerstelling* nie, maar teen honger, armoede, wanhoop en chaos. Die doel daarvan moet die herlewing van 'n werkende ekonomie in die wêreld wees ten einde die verskyning van politieke en maatskaplike toestande toe te laat waarin vrye instellings kan bestaan ...

[Departement van Buitelandse Sake se Bulletin, XVI, 15 Junie 1947, bl. 1160]

*leerstelling – beleid of ideologie

BRON B **'n Uittreksel uit 'n artikel getiteld "Die bronne van Sowjet-optrede" geskryf in 1947 deur George Kennan, 'n Amerikaanse adviseur en diplomaat**

Dit is duidelik dat die hoofelement van enige beleid van die VSA teenoor die Sowjetunie 'n langtermyn-, geduldige, maar ferm en waaksame* insluiting van Russiese uitbreidende neigings moet wees ... Dit is duidelik dat die VSA nie in die afsienbare toekoms kan verwag om politieke vertroulikheid met die Sowjet-regering te geniet nie. Hy moet aanhou om die Sowjetunie as 'n mededinger, nie 'n vennoot nie, in die politieke arena te beskou. Hy moet steeds verwag dat Sowjet-beleide geen ... liefde vir vrede en stabiliteit, geen werklike vertroue in die moontlikheid van permanente gelukkige saambestaan van die sosialistiese en kapitalistiese wêreld sal weerspieël nie, maar eerder versigtige, volgehoue druk vir die ontwigting en verswakking van alle mededingende invloed en mededingende mag.

[*Foreign Affairs*, Vol. 25, No. 4, Jul 1947, bl. 580-1]

*waaksame – oplettende, behoedsame

BRON C **'n Uittreksel uit 'n toespraak deur Andrei Vyshinsky, Adjunkminister van Buitelandse Sake en Sowjet-woordvoerder by die Verenigde Nasies op 18 September 1947**

Soos wat ons uit ervaring oor die laaste paar maande geleer het, het die proklamasie van hierdie leerstelling* beteken dat die VSA-regering na 'n regstreekse afstanddoening* van die beginsels van internasionale samewerking en gesamentlike optrede deur die Grootmoondhede beweeg het en na pogings om sy wil aan ander onafhanklike state op te dring, terwyl terselfdertyd klaarblyklik die ekonomiese hulpbronne te gebruik wat as verligting aan individuele behoeftige lande versprei is as 'n instrument van politieke druk ...

Boonop is hierdie Plan 'n poging om Europa in twee kampe te verdeel en, met behulp van die Verenigde Koninkryk en Frankryk, die vorming van 'n blok van etlike Europese lande te voltooi, wat vyandiggesind* teenoor die belange van die demokratiese lande van Oos-Europa is en veral teen die belange van die Sowjetunie is.

[Verenigde Nasies, Algemene Vergadering, Amptelike Rekords, Voltallige Vergaderings, 18 September 1947, bl. 86-8]

*leerstelling – beleid of ideologie

*afstanddoening – verwerping

*vyandiggesind – om op 'n onvriendelike of dreigende manier op te tree

BRON D

'n Foto wat in Augustus 1961 geneem is en deur *Time/Life Pictures* gepubliseer is



[Time/Life Pictures/Getty Images, (1961) [AANLYN]. Beskikbaar by: <<http://www.bbc.co.uk/history/places>> Toegang 29 Desember 2014]

BRON E

'n Uittreksel uit President Kennedy se toespraak wat hy op 26 Junie 1963 gelewer het

Daar is baie mense in die wêreld wat regtig nie verstaan ... wat die groot kwessie tussen die Vrye Wêreld en die kommunistiese wêreld is nie. Laat hulle na Berlyn toe kom.

Daar is diegene wat sê kommunisme is die golf van die toekoms. Laat hulle na Berlyn toe kom. En daar is diegene wat in Europa en elders sê, "Ons kan saam met die kommuniste werk". Laat hulle na Berlyn toe kom. En daar is selfs 'n paar wat sê dit is waar dat kommunisme 'n bose stelsel is, maar dit stel ons in staat om ekonomiese vooruitgang te maak. Laat hulle na Berlyn toe kom.

Vryheid het baie probleme en demokrasie is nie volmaak nie. Maar ons moes nog nooit 'n muur bou om ons mense binne te hou nie, om hulle te verhoed om ons te verlaat nie ...

Hoewel die muur die mees ooglopende en duidelike demonstrasie van die mislukking van die kommunistiese stelsel is, kan die hele wêreld sien ons vind geen voldoening daarin nie, want dit is, soos julle burgemeester gesê het, 'n oortreding, nie net teen die geskiedenis nie, maar 'n oortreding teen die mensdom, wat families skei, mans en vrouens en broers en susters skei en mense skei wat graag saam wil wees ...

[Aangepas uit: Judge E.H. , Langdon J.W. 2011. *The Cold War: A global History with Documents*, 2nd edition, NJ. Pearson Education, bl. 374]

BRON F **'n Uittreksel uit 'n boek geskryf deur die historikus, Chen Jian, wat kommentaar lewer op die verhouding tussen China, die Sowjetunie en die VSA gedurende die Koue Oorlog**

China se hefboommag* in die Koue Oorlog is hoofsaaklik bepaal deur sy enorme grootte. Met die grootste bevolking en besetting van die derde grootste grondgebied in die wêreld, was China 'n faktor wat nie een van die twee supermoondhede kon ignoreer nie. In die laat 1940's en vroeë 1950's, toe Mao se China 'n strategiese bondgenootskap met die Sowjetunie gevorm het, het die VSA onmiddellik baie bedreig gevoel ... In die laat 1960's en vroeë 1970's is die situasie heeltemal omgekeer ná China se skeuring met die Sowjetunie en toenemende vriendskaplikheid met die VSA ... China se hefboommag* in die Koue Oorlog het egter veel verder gestrek as om die magsbalans tussen die twee supermoondhede te verander. Die verskyning van Mao se China as 'n unieke, revolusionêre land in die laat 1940's het ook die oriëntering van die Koue Oorlog verander deur sy werklike fokuspunt van Europa na Oos-Asië te verskuif.

[Chen, J, 2001. *Mao's China and the Cold War*. [AANLYN] Beskikbaar by: <http://www.ibiblio.org/uncpress/chapters/chen_maos.html>. Toegang 1 Januarie 2015]

*hefboommag – mag om te beïnvloed


BRON G **'n Uittreksel aangepas uit die historikus D.S. Zagoria se *Russia and China – Two Roads to Communism*, uitgegee in 1961**

Die ... Chinees-Sowjet-konflik het in 1957 begin, toe die twee basiese kwessies ontstaan het. Die eerste handel oor kommunisme se wêreldwye strategie. Beijing het die Khrushchev-weergawe van "vreedsame saambestaan" verwerp as onuitvoerbaar. Die tweede gaan oor hoe om sosialisme en kommunisme in 'n land te bou wat reeds deur 'n kommunistiese party regeer word. Die Chinese wil vinniger beweeg as wat die Russe dink wenslik of moontlik is.

[Ward, H. *China in the 20th Century*, Heinemann, 1990, bl. 45]

BRON H

'n Spotprent deur die Amerikaanse spotprenttekenaar, Mort Drucker, wat President Richard Nixon (regs) en Mao Zedong (links) in 1971 uitbeeld



[Drucker, Mort, (26 Julie 1971), *Mao Zedong and Richard Nixon* [AANLYN]. Beskikbaar by:
<<http://www.npg.si.edu/eshibit/coldwar/main2.swf>> Toegang 01 Januarie 2015]